*Prof Nico Koopman beskryf die kerk se profetiese taak as*
*"spelling out a luring, inviting vision of a good society and… offering courageous criticism where the status quo does not adhere to that vision"*
*This entails*
*"analysing situations technically, philosophically,*
*and in an interdisciplinary way,*
*and then suggesting solutions on basis of such thorough analysis*
*[as well as] participating in policy discourses in society, where decisions have to be taken within the space of political limitations"  Overcoming various forms of alienation and injustice is, in turn, the core of the church's priestly calling.*

**Genade en vrede**

Franziska Andrag-Meyer (V.D.M)

NG KERK

# SUIDPUNT

GOD IS ONS LIG


# Huis tot huis

**Jou Profeetskap** **3de Kwartaal 2026**

In die gereformeerde tradisie glo ons dat elke gelowige ingedoop is in Jesus Christus en daarom deel het aan sy amp.  Ons bely om christen te wees is om koning, priester en profeet te wees, ondat Jesus Christus Koning, Priester en Profeet is. Hierdie kwartaal dink ons oor ons profetiese amp.

Wanneer mense die woord profeet hoor, dink hul baie keer aan 'n tipe toekoms voorspeller.  In baie godsdienste is dit presies wat met 'n profeet bedoel word.

Alhoewel daar elemente daarvan in die Bybel is dat 'n profeet vertel wat gaan gebeur, is dit egter glad nie die hoof fokus of identiteit van die profete in die Bybel nie. Om profeet te wees het eerder te doen gehad met hoe jy na die wêreld kyk en hoe jy geregtigheid sien.  Wat sê God oor wat hier gebeur?  Wat roep God ons om daaromtrent te doen?



# *Die Amp van profeet*

Die Heidelbergse Kategismus, Sondag 12 sê ons is geroep om **“as profeet sy Naam te bely.”** Dit beteken nie dat elke gelowige ’n profeet is soos die Ou-Testamentiese profete, of dat ons nuwe openbarings ontvang nie. Dit beteken dat die Heilige Gees ons toerus om God se waarheid te herken, te bely en in ons lewe sigbaar te maak.

Ons leer om die wêreld deur God se oë te sien – om raak te sien waar mense se waardigheid vertrap word, waar onreg as normal beskou word en waar ander uitgesluit word.

Nico Koopman sê profetiese getuienis is **profetiese verbeelding, profetiese kritiek en profetiese beleidsvorming**. Die profeet sien nie net wat verkeerd is nie; hy of sy kan ook ’n ander, meer menswaardige werklikheid verbeel en help om dinge so te laat word. Geregtigheid is nie bloot ’n politieke standpunt nie, maar ’n geloofswaarde wat ons manier van leef vorm.

Om profeet te wees beteken dus: om God se waarheid te leef, onreg raak te sien, vir die waardigheid van ander op te staan en hoopvol mee te werk aan ’n wêreld waarin geregtigheid en versoening meer sigbaar word. Die vraag vir elke gelowige is: **Waar roep God my vandag om iets van sy geregtigheid en menswaardigheid sigbaar te maak?** En ons manier van profeet wees lyk so: “Die een wat profeteer, praat egter wel met mense **OM HULLE OP TE BOU, TE BEMOEDIG EN TE VERTROOS.**” 1 Kor 14:3

**Jesaja 58:9b-12**

*„As jy die juk uit jou midde verwyder, die vingerwysery en verderflike gepraat, as jy hulle wat honger is, jou empatie laat ervaar, die mens wat verdruk word, versadig laat word, sal jou lig in die duisternis skyn; jou donkerte sal soos helder dag wees. Die Here sal jou voortdurend lei; in dor plekke sal Hy jou keel verkwik, jou gebeente sal Hy sterk maak. Jy sal soos 'n natgeleide tuin wees, soos 'n waterbron waarvan die water nie teleurstel nie. Sommige uit jou sal die oeroue puinhope herbou, die fondamente van geslagte gelede sal jy weer oprig. Jy sal genoem word:die een wat bresse toebou, die een wat paaie herstel, sodat mense daar kan woon.“*

**Dink biddend na oor jou lewe:**

Wees eerlik met jouself oor hoe jy mense en situasies kritisieer. Help dit of is dit net kla? Wat kan jy doen om te help?

Hoe sal die wêreld lyk as alles reg is en waarmee sal jy besig wees as alles reg moet wees?

Hoe is jou woorde opbouend, bemoedigend en vertroostend? Watter goeie nuus(evangelie) dra jy met jou saam?